# Hoofstuk 1

# Die ontluiking van 'n politieke kommentator, 1889-1894

**Inleiding**

Dr. F.V. Engelenburg se persoonlike agtergrond en die geskiedenis van *De Volksstem* voor 1889, dus voor hy na Suid-Afrika gekom het, word kortliks in die hoofstuk gegee om aan te dui uit watter milieu Engelenburg gekom het toe hy in 1889 na Suid-Afrika geëmigreer en die leiding van bogenoemde koerant oorgeneem het. 'n Kort uiteensetting van die belangrikste tydgenootlike koerante in Suid-Afrika van die laaste deel van die negentiende eeu tot die eerste kwart van die twintigste eeu, hulle ontstaan en vir watter politieke groeperinge hulle as mondstuk gedien het, word gegee met die doel om *De Volksstem* binne die konteks van die koerante van daardie era te plaas. Daar moet ook in gedagte gehou word dat die koerante gewoonlik die stempel van die eienaars of redakteurs, dus ook Engelenburg, se persoonlikheid gedra het. Dit was in hierdie vroeë tydperk dat Engelenburg sy eerste pogings aangewend het om deel van die Afrikanergemeenskap te word. Engelenburg se tante, Marie Koopmans-De Wet, was 'n aanhanger van president Paul Kruger. Van meet af aan was dit dus amper vanselfsprekend dat Engelenburg hom by die Kruger-regering sou skaar. Hy het voortdurend ekonomiese vooruitgang vir die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR)[1] bepleit en het sterk standpunt ingeneem teen buitelandse inmenging in die ZAR se sake, maar ook teen die politieke strominge in Transvaal wat in opposisie teen Kruger was. Sy siening oor dié sake is in *De Volksstem* se kolomme opgeneem. Engelenburg was 'n onafhanklike en kritiese denker. Hoewel hy Kruger gesteun het, het hy nie Kruger se regeringsbeleid blindelings aanvaar nie. Die gemeenskap wat in opposisie teen die Kruger-regering was, se antagonisme teenoor die Nederlanders het daartoe bygedra dat Engelenburg soms soos 'n vreemdeling tussen vreemdelinge gevoel het. In die beginjare was sy vriendekring beperk tot 'n klein groepie Nederlanders, onder andere dr. W.J. Leyds, met wie hy vriende sou bly tot sy dood. Verder was daar Marie Koopmans-De Wet in die

[1] Die ZAR het ook as Transvaal bekend gestaan.

Kaap, wat sy sielsgenoot was. Hy het ook kontak behou met sy familie in Nederland. Hoewel hy in die beginjare uitgereik het na die Afrikanergemeenskap, sou dit eers tydens die Anglo-Boereoorlog en daarna wees dat Engelenburg vriendskappe met lede uit die Afrikanergemeenskap gesmee het. Die tydperk van 1889 tot 1894 kan beskou word as Engelenburg se vestigingsjare in Suid-Afrika.

## F.V. Engelenburg en *De Volksstem* voor 1889

Die geskiedenis van dr. F.V. Engelenburg in Transvaal is nóú ineengestrengel met die geskiedenis van *De Volksstem*. Toe die koerant in 1873 in Pretoria gestig is, was dit met die doel om president T.F. Burgers (1834-1881) se politieke loopbaan te bevorder.[2] Sy presidentskap het egter in 1877 tot 'n einde gekom met die anneksasie van die ZAR deur Brittanje. Ná die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) het Paul Kruger (1825-1904) in 1883 president van die ZAR geword. Jan F. Celliers (1839-1895)[3] was toe nog die redakteur en ook eerste eienaar van *De Volksstem*. Celliers het nie die beleid van Kruger ondersteun nie en die blad het afsydig en krities teenoor die regering gestaan. Celliers het die koerant in 1888 aan die regering verkoop, wat dit op sy beurt feitlik dadelik aan Wicher Jonker, 'n Nederlander van die Republiek van die Oranje-Vrystaat, verkoop het. Laasgenoemde het die koerant slegs 'n jaar besit, waarna hy in Mei 1889 in tragiese omstandighede selfmoord gepleeg het.[4] Engelenburg het in Oktober daardie jaar uit Nederland in Transvaal aangekom.

Frans Vredenrijk Engelenburg is op 17 Maart 1863 in Arnhem, Nederland, gebore. Hy het sy skoolloopbaan in Arnhem voltooi, waarna hy aan die Universiteit van Leiden in die regsgeleerdheid studeer het. Hy het sy doktorsgraad in 1887 verwerf. Die titel van sy proefskrif was *Het internationaal krankzinnigenwezen*. Vanuit die staanspoor het hy die leser duidelik laat verstaan dat gegewens oor die higiëniese en psigiatriese aspekte nie vir die doeleindes van die

---

2 S.P. Engelbrecht, *Thomas François Burgers:'n lewenskets*, p. 131. Sien ook P.J. Nienaber, *'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika*, p. 100; en P.G. Badenhorst, Die geskiedenis van 'De Volkstem' 1873-1900, p. 10. Vgl. Redaksionele kommentaar, "'n Nationale erfenis", *Bijvoegsel tot De Volkstem*, 02.08.1912.

3 Jan F. Celliers was die vader van die digter Jan F.E. Celliers.

4 Anon., "In memoriam", *De Volksstem*, 27.05.1889.



Illustrasie 1: Frans Vredenrijk Engelenburg, hoofredakteur van *De Volksstem*.
Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Foto-album in die Engelenburgversameling.



Illustrasie 2: Marie Koopmans-De Wet.
Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Foto-album in die Engelenburgversameling.






Illustrasie 3: Bo: F.T.V. Engelenburg. Onder: Anna Maria Koopmans-Engelenburg. Hulle was die ouers van Frans Vredenrijk Engelenburg (Pretoria) en is geskei in 1886 toe Engelenburg student aan die Universiteit van Leiden was. Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Foto-album in die Engelenburgversameling.

studie relevant was nie. Hy het hom grootliks tot die internasionale en wetlike aspekte van die kranksinnigheidswese toegespits.[5]

Engelenburg se ouers is geskei toe hy nog student aan die universiteit was en as gevolg daarvan het hy daarteen opgesien om in Arnhem sy loopbaan te begin waar almal sy ouers geken het.[6] Hy het gevolglik op Den Haag besluit, waar hy 'n tyd lank 'n praktyk gehad het,[7] waarna hy sy regsloopbaan verruil het vir 'n joernalistieke pos by 'n vooraanstaande koerant, die *Dagblad van Zuidholland en 'sGravenhage*.[8] Hy was terselfdertyd korrespondent van *De Volksstem* in Pretoria, Suid-Afrika.[9] Engelenburg se oom aan moederskant, Johan Christoffel Koopmans (1830-1879), het voor Engelenburg se geboorte na Suid-Afrika gekom, waar hy in 1864 met Marie de Wet getroud is. Hy is oorlede voor Engelenburg na Suid-Afrika gekom het.[10] Maria Margaretha Koopmans-De Wet (1834-1906) was lid van 'n vooraanstaande Kaapstadse familie. Sy het met Engelenburg as skoolseun kennis gemaak toe sy in 1881, ná haar man se dood, saam met haar suster die Koopmans-familie in Nederland gaan opsoek het.[11] In mevrou Koopmans-De Wet het Engelenburg 'n sielsgenoot gevind met wie hy oor alles kon gesels.[12]

Volgens 'n jaarverslag oor die tydperk 1886-1887 van die *Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Vereeniging* (NZAV), wat hulle kantoor in Amsterdam gehad het, was Engelenburg toe reeds lid van die organisasie.[13] Die NZAV, opgerig in 1881, is die oudste op Suid-Afrika gerigte organisasie in Nederland. Al meer as 'n eeu streef die vereniging na die bevordering van kulturele

5 Engelenburg, F.V., Het internationaal krankzinnigenwezen (LLD, Universiteit van Leiden, Leiden, 1887).

6 Nasionale Argief van Suid-Afrika (NASA), Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Groote Markt 27, 'sGravenhage – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 19.08.1888.

7 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Groote Markt 27, 'sGravenhage – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 04.12.1888.

8 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Groote Markt 27, 'sGravenhage – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 19.08.1888.

9 Korrespondent uit Den Haag, "Brieven uit Den Haag", *De Volksstem*, 25.04.1889.

10 F.S. Malan, *Marie Koopmans-De Wet*, p. 57. Sien ook L.E. Brink, 'n Biografie van die taalstryder F.V. Engelenburg tot met die stigting van die S.A. Akademie in 1909, pp. 35-36.

11 F.S. Malan, *Marie Koopmans-De Wet*, p. xiv.

12 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Groote Markt 27, 'sGravenhage – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 05.12.1888; en F.V. Engelenburg, Groote Markt 27, 'sGravenhage – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 19.08.1888.

13 Nederlands Zuid-Afrikaanse Vereniging (NZAV), Amsterdam, "Jaarverslag van het bestuur der Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche-Vereeniging over 1886-1887", p. 25.

kontak, in die breedste sin van die woord, tussen die twee lande. Die organisasie spits hom veral toe op onderwys, wetenskap en literatuur.[14] Die waarskynlikheid is dus groot dat Engelenburg voor sy koms na Suid-Afrika literatuur oor dié land by hulle kantoor verkry het om hom so goed moontlik voor te berei, byvoorbeeld 'n publikasie deur H. Blink,[15] wat in 1889 in Nederland verskyn het. Dit gee 'n kort oorsig oor die geskiedenis van Suid-Afrika en gee dan 'n beskrywing van die situasie in Transvaal.[16] Die uitvoerende komitee van die NZAV het die werk verwelkom as 'n bruikbare boekie en het dit by toekomstige emigrante aanbeveel.[17] Engelenburg het ook met die gesant van die ZAR, G.J.Th. Beelaerts Van Blokland, kontak gemaak om 'n aanbevelingsbrief te bekom.[18] Kort ná sy aankoms in Pretoria is Engelenburg op 26-jarige ouderdom deur die sameloop van omstandighede as hoofredakteur van *De Volksstem* aangestel.[19]

## ***De Volksstem*[20] en tydgenootlike koerante**

Om *De Volksstem* in die konteks te plaas van die belangrikste tydgenootlike koerante wat aan die einde van die negentiende tot die begin van die twintigste eeu in Afrikaans en/of Nederlands in Suid-Afrika gepubliseer is, is dit nodig om 'n bestekopname van dié koerante te maak en aan te dui wat hulle standpunt teenoor die ZAR en president Kruger was. *De Volksstem* was gedurende die laaste dekade van die negentiende eeu een van die min blaaie in Suid-Afrika wat die Kruger-regering goedgesind was en die Afrikaners en Nederlanders se saak bevorder het.[21] Die koerante wat Kruger ondersteun het, se eienaars of redakteurs was uit die aard van die saak ook vriende van Engelenburg. In Kaapstad het die Nederlandse nuusblad *De Zuid-Afrikaan* bestaan, wat in 1830 opgerig is. J.H. Hofmeyr ("Onze Jan") (1845-1909) was van 1871 af redakteur van die

---

14 Anon., "Nederlands Zuid-Afrikaanse Vereniging (NZAV)" by www.zuidafrikahuis.nl (geraadpleeg op 16 April 2014).

15 H. Blink was lid van die NZAV in Den Haag.

16 H. Blink, *Transvaal en omliggende landen* (J.H. de Bussy, Amsterdam, 1889).

17 NZAV, Amsterdam, "Jaarverslag van het bestuur der Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche-Vereeniging over 1888-1889", p. 23.

18 NZAV, Amsterdam, G.J.Th. Beelaerts van Bloklandversameling, AGBB, lêer 1, 1885-1897, F.V. Engelenburg, 's Gravenhage – G.J.Th. Beelaerts van Blokland, 08.07.1889.

19 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, 27.10.1889.

20 *De Volksstem* (so geskryf van Augustus 1873 tot April 1905), *De Volkstem* (so geskryf van Mei 1905 tot Desember 1926) en *Die Volkstem* (so geskryf van 1 Januarie 1927 tot met sy sluiting).

21 Redaksionele kommentaar, ongetiteld, *De Volksstem*, 16.01.1890 en 02.08.1892; Redaksionele kommentaar, ongetiteld, *De Volksstem*, 02.08.1892. In die artikels word Paul Kruger se goeie hoedanighede aan die publiek voorgehou; Redaksionele kommentaar "De aanstaande Presidentskeuze", *De Volksstem,* 03.02.1892.

koerant. Hy is opgevolg deur J.W.G. van Oordt (1826-1904). Wat die politiek van die blad betref, was *De Zuid-Afrikaan* die groot draer van die Afrikanerbond se ideale, met ander woorde, dit het lynreg gestaan teenoor die ideale van president Kruger, wat nie die vereniging van Suid-Afrika voorgestaan het nie.[22] Daar was egter ontevredenheid oor die strekking van Van Oordt se artikels en begin 1892 is 'n nuwe koerant opgerig, naamlik *Ons Land.* Dit het in 1894 met *De Zuid-Afrikaan* verenig en het daarna steeds bekend gestaan as *Ons Land.*[23] F.S. Malan (1871-1941) het in 1895 hoofredakteur van dié koerant geword. Hy was 'n aanhanger van Cecil John Rhodes se ideaal, naamlik 'n verenigde nasie van Kaapstad tot die Zambezi in die noorde. Die Afrikanerbond het dieselfde ideale nagestreef en *Ons Land* was die mondstuk van die Afrikanerbond.[24] Ná die Anglo-Boereoorlog het Malan sy redakteurskap tot 1908 hervat.[25] Engelenburg het Malan in 1896 aan huis van Marie Koopmans-De Wet leer ken. Die twee mans het mekaar se geselskap dikwels opgesoek wanneer die geleentheid hom voorgedoen het, ook nadat Malan nie meer aan die koerant verbonde was nie.[26] Hulle albei was in hulle blaaie uitgesproke teen Engelse oorheersing.[27] *Het Dagblad,* onder redaksie van S.J. du Toit (1847-1911), het in 1896 verskyn. Dit is met behulp van Cecil John Rhodes gestig, maar kon nie daarin slaag om langer as twee jaar te bestaan nie. Dit het dieselfde pro-Engelse gesindheid as *Di Afrikaanse Patriot* geopenbaar. Die *Patriot* is ook deur Du Toit uitgegee en het van 1876 tot 1904 bestaan.[28]

*De Natal Afrikaner* was in die laaste dekade van die 19de eeu geen ondersteuner van Kruger se Uitlander-politiek nie en het dit skerp veroordeel. Die blad het wel 'n belangrike rol in die openbare lewe in Natal gespeel en was veral 'n krag vir die Nederlandssprekendes. Die blad het

---

22 P.J. Nienaber, *'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika*, p. 27.

23 F.A. van Jaarsveld, "Van Oordt, Jan Willem Gerbrand" in C.J. Beyers en J.L. Basson (reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek V*, p. 869. Sien ook P.J. Nienaber, *'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika*, p. 27.

24 F.A. Mouton, *Prophet without honour: F.S. Malan: Afrikaner, South African and Cape liberal*, pp. 16-17, 28.

25 J.F. Preller, "Malan, François Stephanus" in W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek I*, p. 517.

26 F.S. Malan, *Marie Koopmans-De Wet* met inleiding deur F.V. Engelenburg, p. x.

27 F.A. Mouton, *Prophet without honour: F.S. Malan: Afrikaner, South African and Cape liberal*, pp. 21-22. Sien ook P.J. Nienaber, *'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika*, p. 28.

28 Anon., "Du Toit, Stephanus Jacobus" in W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek I*, pp. 279-283.

in 1904 ondergegaan. Kort daarna het *De Afrikaner* ontstaan, met E.G. Jansen (1881-1959) as redakteur. Dié koerant het tot 1932 bestaan. Jansen het deur middel van *De Afrikaner* baie propaganda gemaak en leiding geneem in die stryd vir Afrikaans in Natal. Dit was in die vroeë jare die mondstuk van die Nasionale Party.[29]

Die eerste Vrystaatse koerant, *De Vriend/The Friend,* was die orgaan van die Engelse party wat die outonomie van die Vrystaatse Republiek wou vernietig, of ten minste 'n federasie onder die Britse vlag verlang het. Dit is dus onwaarskynlik dat die koerant die Kruger-regering goedgesind was. Hoe onsimpatiek die koerant ook al teen die Vrystaatse regering was, het dit tog baie gedoen om die Vrystaters politiek-bewus te maak en hulle te laat belangstel in staatkundige aangeleenthede.[30] In 1905 is *De Vriend/The Friend* geskei en het die Nederlandse koerant bekend gestaan as *De Vriend des Volks.* Die koerant was 'n ywerige voorvegter vir Afrikaans. Sy wapenleuse was: 'Om te strijden voor Moedertaal en Vaderland'. Dit het die politiek van die Zuid-Afrikaanse Party voorgestaan, net soos *De Volkstem* in Pretoria en *Ons Land* in Kaapstad. Die koerant het in 1925 sy deure gesluit,[31] soos ook weldra die geval sou wees met *Ons Land* in 1932[32] en *Die Volkstem* in 1951.[33] Ook in die laaste dekade van die negentiende eeu het *De Express Vrystaatsche Advertentieblad/The Express and Orange Free State Advertiser* bestaan. *De Express* was 'n vurige ondersteuner van die Vrystaat se president, regering en onafhanklikheid. Die blad het hom veral beywer vir 'n nouer vereniging tussen die twee Suid-Afrikaanse republieke. Net soos *De Volksstem* in Pretoria in die beginjare, was *De Express* aanvanklik vyandiggesind teenoor Afrikaans, maar het later 'n kampvegter vir Afrikaans geword.[34]

---

29 P.J. Nienaber, "Rabie, Johannes Stephanus Marais" in W.J. de Kock en D.W. Krüger (reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek II*, p. 584. Sien ook P.J. Nienaber, *'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika*, pp. 76-78.

30 P.J. Nienaber, *'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika*, pp. 83-84.

31 P.J. Nienaber, *'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika*, p. 84.

32 C.J.P. le Roux, "Volsteedt, Jacobus Phillipus Louw" in C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek IV*, p. 790.

33 P.J. Nienaber, *'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika*, p. 28.

34 P.J. Nienaber, *'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika*, pp. 88-89.

In Transvaal was die vooraanstaande blad in Johannesburg, *Diggers News and Witwatersrand Advertiser*, soos *De Volksstem*, die Kruger-regering in 'n ongelyke persstryd goedgesind.[35] Die beleid van die ander blaaie was gemik op die verspreiding van agterdog, haat en veragting. Engelstalige koerante soos die *Johannesburg Times, Critic, Burlesque*, *Transvaal Leader* en *The Star* was anti-regeringsgesind en het veel daartoe bygedra om deur onbeteuelde skeltaal en veroordeling 'n goeie verhouding tussen die Kruger-regering en die uitlanders onmoontlik te maak.[36] Daar was ook *The Press/De Pers*, die eiendom van Leo Weinthal en P.G.W. Grobler, wat van 1890 tot 1899 bestaan het en Kruger goedgesind was.[37] In Pretoria het *Land en Volk* in 1890 sy verskyning gemaak. Die koerant was in opposisie teen *De Volksstem* en ook die Kruger-regering. In 1891 het Eugène Nielen Marais (1871-1936) en J. de V. Roos (1869-1940) *Land en Volk* gekoop. Ná die Anglo Boereoorlog is dit aan die *Argus Co.* verkoop.[38] Die laaste *Land en Volk* het, sover vasgestel kon word, op Dinsdag 29 Januarie 1907 verskyn.

Engelenburg het in 1893, 'n paar jaar nadat hy hoofredakteur van *De Volksstem* geword het, in 'n memorandum die ontstaan en ontwikkeling van die Nederlandse pers in Transvaal in die tweede helfte van die negentiende eeu opgesom. Hy het geskryf dat die politieke ontwikkeling in die beginjare van die ZAR gekenmerk is deur voortdurende woelinge onder die vryheidsliewende, twissieke en moeilik regeerbare burgers. Die lotgevalle van die openbare pers het van die staatkundige wisselvalligheid 'n getroue beeld gegee.[39] Met verwysing na die toestand van die pers in 1893 het hy geskryf dat, in vergelyking met 1888, die drukpers-industrie 'n aansienlike hoogtepunt bereik het. Dit was moeilik en duur om 'n koerant uit te gee en die vervoer van papier en materiaal van die hawens na die binneland was onseker. Die vervoer daarvan was stadig en duur, die werklone was buitengewoon hoog en die behoefte van die publiek aan iets uit die

---

35 P.J. Nienaber, *'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika*, p. 102.

36 P.J. Nienaber, *'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika*, p. 102.

37 NASA, Pretoria, Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), ZAR, vol. 9, Eerste en Tweede Volksraadsnotules van die ZAR 1892, pp. 288-289. *The Press/De Pers* was die Kruger-regering goedgesind, met die gevolg dat die koerant geldelike steun van die staat ontvang het deur regeringskennisgewings wat daarin geplaas is.

38 Nationaal Archief (NA), Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 24.09.1903.

39 NASA, Pretoria, TAB, Argief van die Staatsekretaris (SS), R2101/93, F.V. Engelenburg, Memorandum oor die pers in die ZAR 14.02.1893.

drukpers soms buitengewoon laag. Dit alles het in die pad gestaan van gesonde ontwikkeling van die drukpers-industrie.[40]

In die negentiende en eerste deel van die twintigste eeu het die Afrikaanse en Nederlandse nuusblaaie aan private persone of sindikate behoort, wat meestal 'n sukkelbestaan met hulle ondernemings gevoer het. Dit beteken nie dat daar geen gedagte by hulle bestaan het om wins te maak nie. Die hoofsaak by hulle was egter om 'n bepaalde diens aan die volk te bewys. In baie gevalle het die nuusblaaie van die negentiende eeu ondergegaan eenvoudig omdat die worsteling om 'n bestaan te maak te groot was.[41] Die negentiende-eeuse Nederlandse en Afrikaanse nuusblaaie is nie deur of met behulp van politieke organisasies opgerig nie. Die politieke organisasies soos die Populêr-party, die Afskeidingsbeweging van die Oostelike Provinsie, die Middellandse Party, die Verantwoordelike Bestuur-party, die Afrikanerbond en die British League in die Kaapkolonie; die Boere-Kongres van Natal; die Steyn-party, Fraser-party en Orangia-Unie in die Vrystaat; en die Kruger-party, die Joubert-party, Het Volk en die Progressiewe Party in Transvaal het geen eie nuusblaaie opgerig nie, maar het daarin geslaag om die steun van bestaande nuusblaaie te verkry.[42] Hierdie nuusblaaie het uit die staanspoor 'n belangrike rol in die politieke stryd gespeel in sowel die twee Britse kolonies, die Kaapkolonie en Natal, as in die twee republieke. Feitlik elkeen was die mondstuk van 'n bepaalde party of groep en het 'n bepaalde volkstroming in die volkslewe verteenwoordig. So was *De Volksstem* in Transvaal die mondstuk van die Kruger-party en *Land en Volk* die orgaan van die Joubert-groepering. Die negentiende-eeuse koerante het meestal in hulle hoofartikel-kolomme hulle eie standpunte, dit wil sê dié van die eienaars en redakteurs, verkondig; dit was gewoonlik in ooreenstemming met die beleid van die politieke groepering waarvan hulle die mondstuk was.[43]

Markus Viljoen (1898-1949) het gedurende vakansietye by *De Volkstem* gewerk terwyl hy aan die Transvaalse Universiteitskollege studeer het. Hy het hom in 1916 by die Universiteitskollege

---

40 NASA, Pretoria, TAB, SS, R2101/93, F.V. Engelenburg, Memorandum oor die pers in die ZAR, 14.02.1893.

41 D.P. du Toit, "'n Ware volkspers", *Die Burger*, 14.12.1933.

42 J.H.O. du Plessis, Die Afrikaanse pers: 'n studie van die ontstaan, ontwikkeling en rol van die Hollands-Afrikaanse pers as sosiale instelling, deel 2, pp. 290-291.

43 J.H.O. du Plessis, Die Afrikaanse pers: 'n studie van die ontstaan, ontwikkeling en rol van die Hollands-Afrikaanse pers as sosiale instelling, deel 2, p. 292.

ingeskryf waar hy sy MA-graad in Geskiedenis verwerf het. *De Volkstem* het hom in 1920 'n tydelike pos aangebied en sy eerste skrede in die joernalistiek het hy onder Engelenburg gedoen. Hy het later by *Die Burger* in Kaapstad aansluit waar hy diep spore in die joernalistiek getrap het.[44] Viljoen het verklaar dat die arbeidsverdeling by die koerante in daardie jare heel eenvoudig was. Aan die hoof het die hoofredakteur gestaan, wat vir alles verantwoordelik was: hoofartikels, nuusindeling, beheer oor die personeel, ensovoorts. Niks kon in enige afdeling van die koerant gebeur waarvan die hoofredakteur nie op die hoogte was nie en die hele blad het die stempel van sy persoonlikheid gedra.[45] C. Louis Leipoldt het twee punte aan die Afrikaanse pers toegeken, naamlik dat die Nederlands-Afrikaanse pers altyd in die redaksiestoel iemand geplaas het wat volkome vertroud was met landsake en landsgewoontes, en die ander dat dié pers probeer het om opvoedkundig – bewus opvoedkundig – te wees.[46] Berigte aangaande die buiteland, die kommentaar daarop en die groot verskeidenheid van berigte aangaande gebeurtenisse op elke gebied van die volkslewe was sonder twyfel van groot opvoedkundige waarde. Dit het die landkaart en daaglikse hoofstuk uit die kontemporêre wêreld aan die leser verskaf.[47] Die Nederlands-Afrikaanse pers was in die negentiende eeu, naas die Bybel, die skool van 'n groot gedeelte van die Afrikaanssprekendes, veral dié in die afgeleë dele van die land. Die koerant was vir talle lesers 'n belangrike bron van inligting; trouens, die enigste bron waaruit hulle kennis aangaande land- en wêreldsake kon put.[48] Engelenburg het hom in daardie opsig goed van sy taak gekwyt, veral wat sy hoofartikels en ook talle ander berigte in *De Volksstem* betref.

Onafskeidbaar van nuusbladontwikkeling was die opkoms van nuusagentskappe. Engelenburg het deur sy hele loopbaan 'n groot gedeelte van sy buitelandse berigte van die Britse persdiens *Reuters* bekom. Dit het vroeg in die negentiende eeu al geblyk dat 'n blad nie in staat was om nuus uit alle lande behoorlik te dek nie. Dit was skaars moontlik om genoeg korrespondente in die binnelandse sentrums aan te stel en was gans onmoontlik om in elke hoofstad in die buiteland

[44] L.W. Hiemstra, "Viljoen, Johannes Markus Hermanus" in C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek IV*, pp. 783-784.

[45] J.M.H. Viljoen, *'n Joernalis vertel*, p. 21.

[46] C.L. Leipoldt, "Terugblik op veertig jaar", *Die Volkstem*, 08.08.1933.

[47] E.C. Pienaar, "Die Burger se rol in die volkslewe, *Die Burger*, 01.06.1942.

[48] J.H.O. du Plessis, Die Afrikaanse pers: 'n studie van die ontstaan, ontwikkeling en rol van die Hollands-Afrikaanse pers as sosiale instelling, deel 2, p. 371.

'n eie verteenwoordiger te hê. Verder het die langsame verkeersweë van die negentiende eeu spoedige versending van nuusberigte belemmer. Die eerste persoon wat hierdie leemte wou oorbrug, was 'n Duitse Jood, Paul Julius de Reuter.[49] Teen die middel van die negentiende eeu was Reuter 'n bankklerk in die stad Kassel in die staat Hesse in Duitsland. Hy het opgemerk dat die bankiers en ander beursspekulante aangewese was op die Paryse beursnoterings – pryse van aandele, handelsware, ensovoorts – waarvan die jongste nuus daagliks per koets van Brussel aangekom het. Die Franse telegraafnetwerk het destyds by Brussel geëindig, terwyl die Duitse een by Aken begin het. Reuter se betrekking by die bank het hom laat besef hoe belangrik dit vir 'n spekulant was om die markpryse so gou moontlik te ontvang en hy het op die plan gekom om 'n sneldiens in te rig wat daagliks aandelepryse van Brussel na Aken sou oorbring. Daarvoor het hy posduiwe gebruik. Die sluitingspryse is op dun papier afgeskryf en in sysakkies geplaas en elke sakkie is dan deur 'n posduif na sy bestemming gebring. By aankoms is die noterings so gou moontlik afgeskryf en aan die verskillende intekenare besorg. Namate die telegraafnetwerk uitgebrei het, het Reuter die eindpunte met mekaar verbind deur middel van duiwe en 'n diens met vinnige perde. In die begin was dit suiwer 'n handelsdiens en nie 'n nuusdiens nie. Die sukses het Reuter egter aangespoor om die netwerke uit te brei. Omdat Engeland 'n beter veld daarvoor gebied het, het hy daarheen verhuis en 'n Britse onderdaan geword. Die diens is later uitgebrei tot gewone nuus. Reuter het sy diens in 1858 aan koerante begin aanbied en die voorwaarde was dat die naam *Reuter* onder elke berig vermeld moes word. Baie koerante het op die joernalistieke diens ingeteken, onder andere ook *De Volksstem* in Pretoria.[50]

**Engelenburg se sakebelange in Pretoria**

Engelenburg het hom reeds vroeg as 'n sakeman onderskei. 'n Nuwe maatskappy, De Volksstem Maatschappij, is op 15 Maart 1890 met 'n aandelekapitaal van £15 000 opgerig, waarvan die

---

49 J.H.O. du Plessis, Die Afrikaanse pers: 'n studie van die ontstaan, ontwikkeling en rol van die Hollands-Afrikaanse pers as sosiale instelling, deel 2, p. 387.

50 J.M.H. Viljoen, *'n Joernalis vertel*, pp. 16-17.

regering £1 125 se aandele besit het.[51] Engelenburg was toe pas vyf maande in die land. Die koerant se direksie het bestaan uit Jan F. Celliers, F.V. Engelenburg, P.W.T. Bell, J.C. Minnaar en die Nederlandsche Bank en Crediet-Vereeniging voor Zuid Afrika. Celliers was die voorsitter van die maatskappy en M.P.C. Valter die sekretaris.[52]

In die jaar wat Engelenburg hoofredakteur geword het, was De Volksstem Gebouwen – Drukkers, Uitgevers en Boekbinders in Kerkstraat-Oos op Erf no. 326, ongeveer in die middel van die suidekant van die straat tussen Kerkplein en St. Andriesstraat.[53] Ongeveer tien maande ná Engelenburg se aanstelling, het die *Volksstem*-kantoor en -drukkery na die hoek van Proes- en St. Andriesstraat verhuis, naby die Wesleyaanse Kerk. Die koerant het van 1 September 1890 af sy sake van daardie adres af gedoen.[54] Die redaksiekantoor daar in St. Andriesstraat het F.J.L. (Frederik) Rompel (1871-1947)[55] in *Die Volkstem* van 10 Oktober 1930 beskryf as

> ... baie hokkerig, en dit was warm onder die sinkdak ... In ons redaksiekantoor het ons in die somer gesmelt, en in die winter bevries.[56]

Volgens hom was die trots van die blad in daardie jare sy afleweringspersoneel, 'n drietal perderuiters. Wanneer dinge te stadig na sy sin gegaan het, het Engelenburg self ook op sy perd geklim en koerante afgelewer.

> In vlieënde jag het dit deur die strate gegaan, en dieselfde vaart verby die huise van die intekenaars, waar die *Volkstem* oor die haag[57] mooi op die stoep gemik is.[58]

---

51 J. Ploeger en H. Orban, *Besonderhede in verband met De Volkstem en Wallachs' Drukkers & Uitgewers Maatskappy Beperk (1873-1960)*, p. 11. (H. Orban is in 1930 as bestuurder van die Wallach's Maatskappy aangestel.)

52 NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 206, Finansiële verslag van die *De Volksstem Maatschappij*, Julie 1891.

53 Tydens die Voortrekkereeufees in 1938 is die voorvoegsel 'St' laat vaar en het die straat bekend geword as Andriesstraat. Kyk T. Andrews en J. Ploeger, *Street and place names of Old Pretoria/Straat- en plekname van Ou-Pretoria*, p. 10.

54 *De Volksstem*, 28.08.1890. Kennisgewing.

55 F.J.L. Rompel het in 1895 by *De Volksstem* aangesluit.

56 F.J.L. Rompel, "Feesnummer "Die Volkstem"", *Die Volkstem*, 10.10.1930. (Rompel het sy herinneringe oor *Die Volkstem* op 10 Oktober 1930 in dié koerant gepubliseer.)

57 "Haag" is 'n heining van struike wat naby mekaar geplant is om 'n ondeurdringbare ry te vorm. (F.J. Labuschagne en L.C. Eksteen (reds.), *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*, p. 243.)

58 F.J.L. Rompel, "Feesnummer "Die Volkstem"", *Die Volkstem*, 10.10.1930.